# Drie Afrikaans biografieë onder die loep

V.E. D'ASSONVILLE, *S.J. du Toit van die Paarl (1847-1911).*
Marnix, Pretoria, 1999
440 bladsye.
ISBN 97806202448

J.C. KANNEMEYER, *Leipoldt: 'n lewensverhaal.*
Tafelberg, Kaapstad,1999.
741 bladsye.
ISBN 062403738

J.C. STEYN, *N.P. van Wyk Louw: 'n lewensverhaal.*
Tafelberg, Kaapstad, 1998.
1212 bladsye (verdeel in twee volumes)
ISBN 0624036960

Die biografie is 'n belangrike vorm van geskiedskrywing. Daarom is dit jammer dat daar in die afgelope paar dekades min wetenskaplike biografieë in Afrikaans verskyn het. Die werke van O.J.O. Ferreira oor Stephanus Schoeman en J.C. Brits oor Tielman Roos is nog voor 1980 gepubliseer. Twee meer resente studies is dié van E. Truter oor Rachel Isabella Steyn (1997) en A. van Wyk oor Dirk Mudge (1999). Dan is daar ook Karel Schoeman se biografiese studies oor Olive Schreiner (1989), Susanna Smit (1995) en Machtelt Smit (1997). Van die beste resente biografieë in Afrikaans is nie deur vakhistorici geskryf nie. Onder hierdie boeke tel, naas Schoeman se werke, die letterkundige en literatuurhistorikus J.C. Kannemeyer se lywige biografieë van D.J. Opperman (1986), C.J. Langenhoven (1995) en, tans, C. Louis Leipoldt, wat almal op deeglike navorsing gegrond is. Hierby kan nou ook die biografie van N.P. van Wyk Louw deur J.C. Steyn, taalkundige en kultuurhistorikus, gevoeg word. Dit is naas Hancock se Smuts-biografie waarskynlik die mees omvattende werk wat nog oor 'n Suid-Afrikaner geskryf is. Vermeldenswaardig is ook die resente werk van die kerkhistorikus V.E. d'Assonville oor S.J. du Toit.

Du Toit, Leipoldt en Van Wyk Louw was al drie skrywers en digters, maar ook al drie veelsydige figure wat ‘n belangrike bydrae op verskeie kultuurterreine in Suid-Afrika gelewer het. S.J. du Toit is ‘n belangrike en interessante figuur in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Hoewel sy seun, Totius, reeds in 1917 ‘n uitgebreide biografie oor hom die lig laat sien het, is daar sedertdien net ‘n baie beknopte biografie (deur P.D. van der Walt) oor hom geskryf, benewens studies oor aspekte van sy werk deur, onder meer, P.J. Nienaber en D.A. Scholtz. D’Assonville se gedeeltelik tematiese behandeling van, onder meer, sy werk as teoloog, skrywer, yweraar vir die Afrikaanse taal en politikus, lei daartoe dat dit soms moeilik is om die verloop van die gebeure waarby Du Toit betrokke is goed te volg en dat sekere sake nie genoeg aandag kry nie. So word wel heelwat vermeld oor sy betrokkenheid by die Afrikanerbond, maar sy rol in die stigting daarvan nie duidelik behandel nie.

D’Assonville het ‘n maklik leesbare skryfstyl, maar sy gewoonte om talle woorde en sinsdele kursief te laat druk ter wille van beklemtoning en telkens retoriese vrae te stel, is soms irriterend. Hoewel hy heelwat argiefnavorsing gedoen het en ‘n omvangryke boek geskryf het, is sy studie tog nog nie indringend genoeg nie. Veral die persoonlikheid van Du Toit bly vaag. Dit bly nog moeilik om te begryp hoe iemand wat aanvanklik ‘n belangrike rol as Afrikaanse politieke en kultuurleier vervul het se oordeel hom uiteindelik so in die steek gelaat het dat hy deur sy uitsprake en optrede die steun van sy vroeëre volgelinge verloor en byna ‘n uitgeworpene in die Afrikaanse gemeenskap geword het. Die werk is nie heeltemal op dieselfde peil as die biografieë oor Leipoldt en Louw nie, en dit spreek geensins die laaste woord oor Du Toit nie, maar bring tog nuwe perspektief op sy bydrae tot die Afrikaanse kultuur as taalaktivis, skrywer en teoloog. ‘n Belangrike leemte in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing word hiermee, al is dit net gedeeltelik, gevul.

Kannemeyer se werk is die eerste uitgebreide biografie oor Leipoldt, maar daar is reeds baie boeke en artikels oor hom geskryf. Kannemeyer se navorsing het daarom nie baie nuwe kennis oor Leipoldt na vore gebring nie, maar hy bied tog ‘n goed gebalanseerde beeld van Leipoldt en slaag, anders as D’Assonville, daarin om by sy lesers ‘n goeie insig in die aard van sy persoonlikheid en die motiewe vir sy optrede te vorm.

Leipoldt (gebore in Desember 1880) het van sy belangrikste letterkundige werk in sy jonger jare gelewer, in die tyd toe hy as baie jeugdige joernalis oor die verloop van die Anglo-Boere-oorlog verslag gedoen het en daarna as student en medikus in Londen. Die eerste helfte van die biografie word dan ook gewy aan die periode voor 1914,

toe hy op 33-jarige ouderdom na Suid-Afrika teruggekeer het. Kannemeyer dui aan (en herhaal dit miskien onnodig dikwels) dat Leipoldt se gedigte oor die Anglo-Boereoorlog nie voortgespruit het uit sy simpatie met die Boeresaak nie, maar uit 'n bewoënheid oor die nood en lyding van veral die Boerevroue en –kinders. Hy was geensins 'n Afrikanernasionalis nie en het homself net so goed onder Engelstaliges as Afrikaanssprekendes tuis gevoel. Sommige van sy werke, onder meer sy Oosterse reisboek, is aanvanklik in Engels geskryf, maar het uiteindelik in Afrikaans verskyn omdat hy nie 'n uitgewer vir die Engelstalige pubikasies kon vind nie. Twee van sy romans in Engels het eers onlangs, jare na sy dood, verskyn.

Leipoldt het 'n Afrikaanse volksdigter geword in dié sin dat hy gedigte geskryf het wat tot die gewone mense gespreek het en uiteindelik volksbesit geword het. Hy het baie geskryf oor allerlei onderwerpe, en ook enkele populêre geskiedenisboeke gelewer, onder meer 'n biografie van Jan van Riebeeck. Kannemeyer toon aan dat hy sy tyd ver vooruit was in sy beskouinge oor Suid-Afrika se rasseverhoudinge en reeds as vyftienjarige seun in 'n koerantbrief gelyke regte vir blankes, gekleurdes en swartmense bepleit het. Hoewel hy hom in die twintigerjare kortstondig in die politiek begeef het, veral omdat Smuts-ondersteuners gehoop het dat sy reputasie as volksdigter vir hulle stemme kon inbring, het hy duidelik nie die regte temperament vir 'n politikus gehad nie. Hy was as sterk individualis altyd 'n redelik eensame figuur, wie se prestasies op letterkundige gebied en ook op die terrein van die mediese wetenskap en die kookkuns vandag oor die algemeen meer gewaardeer word as tydens sy lewe. In die loop van die biografie evalueer Kannemeyer Leipoldt se gedigte, dramas en romans en bied 'n duidelike perspektief op sy bydrae tot die Afrikaanse letterkunde.

Waar Leipoldt 'n wêreldburger was wat hom nie met enige nasionalistiese strewes geïdentifiseer het nie en S.J. du Toit, wat al as die eerste Afrikanernasionalis bestempel is, later deur baie Afrikaners as 'n verraaier beskou is, was N.P. van Wyk Louw 'n Afrikanernasionalis in murg en been. Dit blyk nie net uit sy jarelange lidmaatskap van die Afrikanerbroederbond nie, maar ook daaruit dat hy in sy gedigte en opstelle hom dikwels met die Afrikaner en Afrikaanse strewes besig gehou het. Steyn toon aan dat hy 'n diep denker was, maar ook 'n emosionele mens wat hom in die dertigerjare so sterk deur ekstreme nasionalistiese sentimente laat meesleur het dat hy anti-Semitiese uitlatings gemaak het. In sy latere jare was hy baie meer gematig en het hy met sy uitsprake oor "liberale nasionalisme" en "voortbestaan in geregtigheid" rigting in Afrikanergeledere aangedui. Hy was 'n voorstander van groter toenadering tussen blankes en kleurlinge, maar het, anders as enkele ander denkers van

die sestigerjare, nie die konklusie getrek dat die apartheidsbeleid die Afrikaner uiteindelik in 'n doodloopstraat sal laat beland nie.

Ten spyte daarvan dat hy hom met Afrikaanse nasionale strewes vereenselwig het, moes hy tog soms kritiek en selfs miskenning van mede-Afrikaners verduur. In die dertigerjare het die Afrikaanse letterkundige "establishment" en selfs joernaliste soos Schalk Pienaar die literêre waarde van sy digwerk bevraagteken. In 1966, toe hy reeds algemene erkenning as vername digter en intellektuele leier geniet het, het H.F. Verwoerd, wat toe die feitlik onaantasbare leier van 'n polities verenigde Afrikanerdom was, bedekte kritiek op die drama wat Louw vir die Republiekfees geskryf het, uitgespreek en die versugting geslaak dat daar digters na vore sal kom wat die heldedade van hul eie geslag sal besing. Hierdie uitlating van Verwoerd (wat 'n paar maande voor sy dood gemaak is) dui op 'n gebrekkige begrip van die aard en waarde van die letterkunde en verraai 'n bepaalde engheid in sy denke. Vandag, 35 jaar later, word Louw byna algemeen as 'n belangrike Afrikaanse kultuurleier beskou, terwyl Verwoerd deur baie gesien word as iemand wat sy volgelinge in 'n verkeerde rigting gelei het.

Steyn skryf uitvoerig, maar ook onderhoudend en 'n mens kan dit hom vergewe as hy soms 'n bietjie van sy onderwerp afdwaal omdat hy 'n boeiende beeld van die Afrikaanse kulturele lewe in die periode tussen ongeveer 1930 en 1970 gee. Hy het gebruik gemaak van die talle briewe van en aan Louw wat bewaar gebly het en skroom nie om intieme besonderhede oor sy lewe te behandel nie. Deur ook sy foute en gebreke uit te wys, gee Steyn uiteindelik 'n volledige beeld van Louw as mens, waardeur dit moontlik word om die agtergrond vir sy gedigte en ander letterkundige werk beter te begryp. Hoewel sy werk logies en sistematies ingedeel is, is dit tog moeilik om in hierdie uitgebreide werk 'n goeie geheelbeeld te midde van al die besonderhede te verkry.

Steyn slaag nie so goed soos Kannemeyer ten opsigte van Leipoldt, daarin om 'n duidelike samevattende perspektief op Louw se betekenis vir die Afrikaanse letterkunde te bied nie. Daar bestaan talle gespesialiseerde geskrifte oor Louw se literêre werk, en dit is nie moontlik of wenslik om alles wat daar geskryf is te herhaal nie, maar vir diegene wat nie letterkundige vakspesialiste is nie, is dit juis nodig dat die biografie van 'n digter in die eerste plek die persoon se betekenis vir die Afrikaanse digkuns uitwys.

Al drie werke bevat verwysings in die vorm van endnote. Baie vakhistorici sou seker wou sien dat die verwysings uitvoeriger en vollediger is en dat daar nie gegewens aangebied word of stellings gemaak word sonder om aan te dui waar hulle vandaan kom nie, iets

wat wel af en toe in hierdie werke gebeur. Ook lyk dit of daar soms te maklik afleidings gemaak word uit ‘n enkele bron, sonder dat daar stawende getuienis bestaan. In die algemeen is daar tog werk van hoë wetenskaplike gehalte gelewer. Die boeke is tegnies goed versorg en bevat elk ‘n hele aantal goed gekose fotos, wat onontbeerlik is in ‘n goeie biografie.

Waar baie Afrikaners tans ernstig besin oor hul verlede en die rol van vroeër hoog geagte politieke leiers bevraagteken, kan biografiese werke oor persone wat belangrike bydraes gelewer het tot die ontwikkeling van die Afrikaanse kultuur help om die positiewe elemente in die Afrikaanse verlede sterker na vore te bring. Dit is nie S.J. du Toit se vreemde politieke koersveranderings, die minder aangename dinge in Louw se persoonlike lewe en die feit dat Leipoldt homself nie in die eerste plek as ‘n Afrikaner beskou het nie, wat tans veral van belang is nie, maar hul betekenis vir die Afrikaanse kultuur (en verder ook vir die Westerse en die wêreldkultuur), en dit word in hierdie werke onder ons aandag gebring. ‘n Mens kan net hoop dat hierdie boeke, ten spyte van hul omvangrykheid, wyd gelees sal word en dat dit ander sal aanspoor om verdere biografiese werke van dieselfde gehalte te lewer.

P. de Klerk

PU vir CHO

## Readable work with existential relevance

R. LACEY and D. DANZIGER, *The year 1000 What Life was Like at the Turn of the First Millennium: an Englishman’s World*

Abacus, London, 2000

ISBN 0 349 11278 9

Paperback, pp.230

Line drawings, Index, References and Bibliography.

Price not available.

To most South African readers a book about English daily life in the Middle Ages must epitomise almost everything they dislike most about history. On the other hand, a book that makes a teenage boy who lives